*Live your questions now*
*and perhaps even without*
*knowing it, you will live*
*along some distant day*
*into your answers.*

**Rainer Maria Rilke**



*... one dark star*
*has enough light to compete*
*with an entire galaxy*
*of stars.*

**Katherine Freese**

*Theoretically, dark stars have the potential to grow to several million times the mass of the Sun. They may also emit luminosity up to 10 billion times brighter than our own star.*

**Earth.com**

# 1

## Onbekend

**"ONGELUKKIG MOES ONS** die outoppie blaas. Verder als goed." Die man druk sy sigaretstompie in 'n leë bord dood. Vet van die vorige aand se braaivleis word sag onder die aanslag van die kooltjie. Sy stompie se as meng met die vet. As sy char nie vandag kom nie, sal hy vir homself 'n bord moet was om vanaand uit te eet.

Hel, nee!

Dan eet hy eerder uit 'n papierbord. Daar moet nog 'n paar in die kas wees.

Wagter se snoet druk teen sy enkel vas. Hy skuif sy stoel sodat Wagter tussen sy bene kan staan, streel oor sy kop en ore. Wagter is 'n opregte hond. Sy pa was 'n hond en sy ma ook. Watter tipe honde weet g'n mens nie.

"Was dit nodig om die man te skiet? Kon julle nie beter beplan het nie?"

Die man kners op sy tande, tel tot tien. Hy gryp na die sigaretstompie in die vetterige bord, verfrommel dit, steek 'n nuwe sigaret aan. "Als was oukei. Ek dink die outoppie het 'n brak in die huis wat hom wakker gemaak het. Ons was besig om die laaste mannetjie se kop af te sny toe die man met sy haelgeweer op ons afkom. Daar was agt welpies wat ons nog moes laai. Dis

groot geld wat ons nie sommer net kon los nie. Ek het nie ’n ander keuse gehad nie.”

Hy trek met sy wysvinger ’n streep deur die krummels op die kombuistafel. Die T-been wat hy vir vanaand uitgehaal het, lê in ’n skoner bord en ontdooi, een wat net brood ingehad het. Die krummels wat in die bord was, het hy sommer in een van die ander op die kas uitgevee. Bloed poel om die T-been in die pakkie saam.

“Toe skiet jy hom so wragtig?” Die man se s’e sny deur die foon.

“Relax. Die boss is oukei met als en die geweer sal nie na my toe getrace word nie. Dit is volgens die pote se papierwerk steeds in hulle besit en was vantevore in besit van die een of ander cash heist gang. Jy kan ontspan, pel.” Hy haal diep en stadig asem, druk sy halwe sigaret onder sy skoensool dood, gooi dit dan langs die ander een in die vetterige bord.

“Verstaan my mooi, ek is nie jou pel nie – en moord is nie ons game nie. Veral nie as dit kan backfire nie. En nou nog die gemors met Samuels ook. Hoekom de hel is hy gearresteer?”

“Tipoff, dink ek. Which serves him right. Hy wou sy eie operation binne ons s’n bedryf. Ons het nie geweet dat hy op sy eie aan ander sindikate verskaf nie.”

“Maar hy weet alles van ons af! Kry jy dit nie? As hy praat ...”

“Hy sal nie praat nie. Nooit weer nie. Dis uitgesorteer.” Toe hy sy foon neerplak, skop hy die kombuistafel se poot. Brommers en ’n wolk muggies styg op toe die borde en bakke rinkel. Die muggies sak amper onmiddellik weer op ’n gemufte tamatie toe.

As sy char nie vandag kom nie, fire hy haar. Griep, verbeel jou! Seker wingerdgriep.

# 2
## Carli

**CARLI KYK OP** haar horlosie. Haar skoolrok se soom het op 'n plek losgekom. As Ma nie kans het om dit in te sit nie, gaan sy dit met die krambinder bykom.

Sy blaai deur 'n tydskrif, kyk ongemerk na die biokinetikus se ontvangsdame. Die vrou duik agter die toonbank in en kom dan met helderrooi lippe te voorskyn. Sy pruil en knik vir 'n man met donker hare wat by hulle gim uitstap. Toe die man se foon lui, trek hy dit uit sy broeksak en antwoord.

Sy probeer lyk asof sy nie die telefoongesprek afluister nie. Iets aan die ou lyk vir haar bekend, maar sy kan hom om die dood nie plaas nie.

"Vir daai tipe geld, count me in. Ek het juis my oog op nog 'n perd. 'n Pragtige chestnut filly, maar sy's duur." Hy beëindig die oproep, sleutel 'n ander nommer in. "Hallo, Jacques, sit vir my R50 000 op Red Tide." Hy luister aandagtig. "Ja, dis een van myne. Een van sy voorsate was seker die bekendste perd in die geskiedenis van perdewedrenne, maar julle bleddie bookies wys mos nooit julle kaarte nie." Hy luister en antwoord dan: "Moenie eers praat nie, my ou. Ek gaan nie dié naweek by Turffontein kan uitkom nie. Omstandighede." Die man druk sy foon dood en steek dit in sy oefenbroek se sak voordat hy

die toksak in sy hand oor sy skouer gooi. ’n Rolex glim aan sy linkerpols.

“Carli Kirstein! Jy kan maar kom.” Die biokinetikus glimlag vir Carli, maar haar oë rus op die man se breë rug.

Toe hy reg voor Carli in sy spore stop, systap sy om nie in hom vas te loop nie.

“Carli? Nooit!” Die man draai skuins en glimlag vir die biokinetikus. “Jammer ek hou jou op. Ek en Carli is bure.” Hy draai weer na Carli toe en plaas sy een hand op haar skouer. “Ek sou jou in hierdie lewe nóóit herken het nie. Jy lyk so anders.” Sy oë blink.

“Stef? Stef Botha?”

“Einste.” Hy knipoog. “Ek het ’n dyspierbesering. Ons great biokinetikus fix my, want die fisio het gehelp tot waar hy kan.” Hy tik met sy linkerhand teen ’n gespierde bobeen. “Wat maak jý hier, Carli? Besering?” Een swart wenkbrou lig.

“Paaldansbesering. Ek het op my kop geval.”

Stef lag. “Jy’s ’n meisie so na my hart.”

Carli grinnik. “Oukei. Uitgevang. Ek probeer eintlik my core sterker kry – dis hoekom ek hier is.”

“Om laerugbeserings te voorkom.” Die biokinetikus vee ’n lang rooi haarsliert agter haar oor in en glimlag vir Stef. “Omdat sy haar pa dikwels help om swaar diere op te tel.”

“Jou pa het tog seker ’n assistent?” vra Stef.

“Ek help my pa wanneer sy assistent nie beskikbaar is nie. Vir sakgeld én omdat ek ná matriek veeartsenykunde wil studeer.”

“Damn, en hier dog ek jy wil ’n paaldanser word!”

“Nee, dit doen ek under cover,” spot Carli.

Stef grinnik en kyk op sy horlosie. “Ek kry jou wanneer jy klaar is. Dan gaan drink ons iets.”

“Ek moet net eers my ouers laat weet.” Sy trek aan haar swart moulose oefentop se soom.

Hoe oud is Stef? Twee-en-twintig, drie-en-twintig?

Kon sy nie maar twintig gewees het nie?

Stef knipoog. "Ek weet, ek weet. Jy's minderjarig. Ek bel jou ma. Sal jou sommer ná die tyd huis toe vat. No stress."

Carli kyk hoe Stef by die groot glasdeure uitstap en op 'n stoel in die ontvangslokaal gaan wag.